

6 Desember 2021

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 48 VAN 2021

Geagte Ouer/Voog

Die jaar is bykans verby. My vermoede is dat die meeste van ons dankbaar is vir 'n blaaskans na al die uitdagings wat 2021 voor ons deur kom lê het.

Kovid-19

Ons het almal gehoop dat Kovid verby kon wees, maar helaas is hy weer met nuwe ywer en in 'n nuwe gedaante steeds deel van ons lewens. Ons moedig elkeen aan om alles menslik moontlik te doen om die virus hok te slaan.

Graag bedank ons weer Flora Kliniek vir hul diens aan ons skool deur vrywillig leerders op ons perseel teen Kovid in te ent. Meer as 400 leerders is ingeënt.

Ongelukkig het ons weer in die pas afgelope week positiewe gevalle aangeteken. Ons Kovid-tabel is vir u aandag aangeheg.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma
Maand		November					November					November/Desember					
Datum		15	16	17	18	19	22	23	24	25	26	29	30	1	2	3	6
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	24	24	24	24	24	25
	Herstel van Kovid-19	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	1	1	2
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	142	142	142	142	142	143	143	143	144	144	144	144	144	144	145	146
	Herstel van Kovid-19	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	143	144
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	0	0	0	0	0	1	1	1	2	2	2	2	2	2	2	2
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0	1	1	1	1	0
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	165	165	165	165	165	166	166	166	167	167	168	168	168	168	169	171
	Herstel van Kovid-19	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	166	167
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	0	0	0	0	0	1	1	1	2	2	3	3	3	3	3	4
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0	1	1	1	1	0
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Eksamen en Rapporte

Die November-eksamen vir graad 8 tot 11 is voltooi. Vraestelle is nagesien en rapporte word op Dinsdag, 14 Desember tussen 08:00 en 09:00 by die skool op die vierkant uitgedeel.

Leerders ontvang hul rapporte by die voogonderwysers waar hulle op 'n klaslys ontvangs erken deur vir die rapport te teken.

Leerders wie se handboeke nog uitstaande is, moet eers die handboeke by die huis gaan haal en inhandig, of 'n kwitansie vir verlore boeke wys, na betaling by die finansiële kantoor, voordat rapporte in ontvangs geneem mag word. Graadhoofde sal hierdie rapporte se uitdeel, bestuur.

Matriekuitslae

Matriekuitslae word op 21 Januarie 2022 verwag wanneer ons dit by die skool mag uitdeel. Ons hou duim vas dat elke kandidaat tevrede met sy/haar resultate sal wees.

Skool begin 2022

Die skool begin dan weer op Woensdag, 12 Januarie 2022 mits Kovid-19 nie weer 'n onwelkome rol speel nie. Ons is baie opgewonde oor die nuwe jaar en verwag 'n goeie inname van graad 8-leerders.

Personeel

Ons groet vanjaar vir mnr. Tinus van der Merwe wat 'n betrekking by Dr Malan aanvaar het. Ons wens hom alles van die beste toe en is dankbaar vir die kort tydjie wat hy hier by ons skool was.

Mej. Marianne van Staden het die pas afgelope naweek getrou en is nou mev. Van der Merwe. Ons wens die pasgetroudes 'n geseënde huwelik toe.

Ons gun ook ons personeel 'n ruskans na hierdie jaar waar hulle in elke vakansie met skoolwerk besig moes wees. Mag hulle 2022 met nuwe krag aanpak en bydra om dit 'n spesiale jaar te maak.

Leerders

Ons hoop die leerders rus al klaar na 'n baie uitmergelende jaar. Ons wens is dat ons in 2022 weer ons skool met al sy aktiwiteite in belang van die leerders mag bedryf.

Mag volgende jaar gevul wees met sport, kultuur en sosiale bedrywighede terwyl ons elke dag iets nuuts leer.

Dankie


Dankie aan almal wat 'n bydrae tot ons skool lewer. Ons is, en gaan toenemend meer, self aangewese raak in die daarstelling van kwaliteit geleenthede vir ons skool. As 'n span kan ons verseker dat skool 'n sinvolle en opbouende ervaring vir elkeen van ons leerders is ten einde hulle vir verdere studie of 'n lewe in die werkplek toe te rus. Ons glo ELKEEN is 'n STER en wil hulle toenemend meer en beter geleenthede gee om hul eie potensiaal te ontdek en ontwikkel.

Vir elkeen wat in belang van die kinders by ons skool optree, wil ek graag baie dankie sê. Ons ouers, die beheerliggaam, ons personeel, die administratiewe beamptes, terreinwerkers en die leerders self..... julle, die mense van Hoërskool Randburg, maak elke dag 'n spesiale dag by ons skool.

Dankie aan ons Skepper wat elke dag ons skool in Sy Hand dra.

Hoërskool Randburg wens elke huis 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe jaar toe. Geniet hierdie kosbare tyd met geliefdes, vriende en familie.

Geniet die vakansie.



P. Booyse: Hoof